04 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #21

Geliefde Gemeente,

Ek onthou: 83 kilometer; Blyderivier, staptoer, saam met Pretoria-Noord jeug. Dit is ‘n drie-dag toer en redelik uitdagend. Ons het die toer saam met jongmense in 1975 gedoen. Die tweede dag het dit aanhoudend gereën, en het die volgende profetiese woorde uit my mond gekom: “**REËN, GOD SE GENADE EN SEËN**.”

Sedert daardie gebeure, tydens hoogtepunte in ons bediening, was dit altyd met reën bevestig. Ek het nie geweet hoekom nie, totdat dit hierdie jaar uit die Skrif tot my gekom het. ***Hos. 6:3***: ***“Hy sal tot ons kom soos die reën.”*** Ten tye van die EEIII implementering, het dit dikwels gepaardgegaan met reën. Ek wil die Here dank dat gisteraand se gebedsketting – deur die verbondslede vir Kobus en Adél – met meer dan 65mm bevestig is.

God besoek ons, God breek enige droogte wat mag bestaan: soos wat Hy ‘n agt jaar droogte in die Oos-Kaap gebreek het – toe ek tussen 10h00-11h00 – in 78 Russell weg Port-Elizabeth, die profetiese lied ontvang het: ***“Die weer kom op, en die reën die val.”*** Terwyl ek dit in Russell weg aangekondig het, het dit in Graaff-Reinet om dieselfde tyd begin reën. Die volgende dag se uitgawe van die Oosterlig, het verklaar dat die droogte in die Oos-Kaap gebreek is. Ek het tot-en-met vandag die koerant uitknipsel van die genoemde berig.

Ten tye van die aanvang van die gebedsketting om 18h00 op 03 April 2020, het ek ‘n geestelike lied ontvang en terwyl ek dit gesing het, oorwinning ervaar: Blydskap in die Gees ervaar en geweet, ek sing ‘n loflied. Ek het Skrif gevra en ***Ps. 150*** ontvang ***“Halleluja, loof God: loof Hom oor Sy magtige dade; laat alles wat asem het die Here loof. Halleluja.”***

***Jak. 5:7:*** *“Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit* ***die vroeë en die laat reën ontvang het****.”*



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

**“All truths are parallel”.** Terwyl die Corona virus die wêreld in ‘n knyptang het, let ons nie op sigbare tekens nie: **Ons hulp is in die Naam van die Here**. God beskik vir Sy Kerk die laat reën.

**Hos. 6:2** *“Hy sal ons ná twee dae lewend maak, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.”*

***It is beginning to rain, rain, rain***
***I can hear the voice of my Father.***
***Saying who so ever will,***
***come drink of the water.***
***He promised to pour His Spirit on***
***the sons and the daughters.***
***If your thirsty and dry,***
***look up to the sky,***
***it is beginning to rain.***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335